INHOUD


**1. Die NG Kerk Ring van Standerton.** **3**

1.1 STIGTINGS VERKLARING VAN DIE EERSTE KOINONIA-RING 3

1.2 Wie is Ons? 3

1.3 Ons grondslag: 4

1.4 Ons kerkverband: 5

1.5 Ons funksionering 5

1.6 Ons visie en verbintenis tot reformasie van binne 6

Eindnotas 8


# 1 Die NG Kerk Ring van Standerton

## 1.1 STIGTINGS VERKLARING VAN DIE EERSTE KOINONIA RING 20 Augustus 2023 TE NG BETHAL-MOEDERGEMEENTE

"Eers as die Seun julle vrygemaak het, sal julle werklik vry wees" Joh. 8:36

- Die Ring van Standerton is vry omdat Jesus Christus ons vrygemaak het. Ons is nie vry om te sondig nie, maar juis vry om slegs aan die Here se Woord gehoorsaam te wees. Geen mens of menslike geskrif of Sinode of Algemene Sinode of enige ander kerkvergadering of kerkverband kan ons langer aan ongehoorsaamheid bind nie.

## 1.2 Wie is Ons?

- Die Ring van Standerton is 'n vrywillige kerkverband van selfstandige NG Kerke wat tans hoofsaaklik geleë is binne die territoriale gebied van Standerton, Bethal en Charl Cilliers.
- Die gemeentes wat tans by hierdie Ringsverband inskakel is: Bethal, Bethal-Oos, Charl Cilliers, Standerton, Standerton-Suid en Standerton-Wes.

- Elk van bogenoemde gemeentes is selfstandig en volwaardig NG Kerk wat onder die direkte heerskappy van Jesus Christus staan. Hy het in elke gemeente ampsdraers geroep en bevestig om Sy kerk deur Sy Woord en Gees te regeer.

## 1.3 Ons grondslag:

- Al die gemeentes van hierdie Ring afsonderlik asook die Ringsverband gesamentlik, staan onwrikbaar gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.
- Die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 7 sê die volgende: "Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie - ja, al was daar ook n' engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal 1:8). En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is. Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles. Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps 62:10). Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: '...maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is 1( Joh 4:1)', en: 'As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie...' (2 Joh :10).

- Ons glo die leer van die Skrif soos vervat in die drie algemene (ekumeniese) belydenisse naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, Belydenis van Nicea en die Belydenis van Athanasius, tesame met die drie gereformeerde belydenisskrifte bekend as die Drie Formuliere van Eenheid nl. die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls. Ons aanvaar dit as die ware en

volkome leer van die saligheid omdat (quia) dit met die Woord van God ooreenstem.

## 1.4 Ons kerkverband:

- Al bogenoemde gemeentes is en bly volledig plaaslike NG Kerke volgens ons gereformeerde grondslag, Daarom verwerp ons alle leringe wat daarvan afwyk.
- Die ruimte wat bestaan vir vernuwing en groei in ons spiritualiteit en liturgie sal steeds 'n sinvolle uitdrukking wees van ons Gereformeerde grondslag.
- Die Ring van Standerton is die eerste Ring waar al die gemeentes reeds ingeskakel het by die kategoriale kerkverband met Koinonia Sinode.

**Die Ring van Standerton besluit om aansoek te doen om as die eerste Ring van die Koinonia Sinode erken te word.**

- Ons Kerkverband met Koinonia Sinode hef nie noodwendig ons ander bestaande verbande op nie aangesien ons doel steeds is om die NG Kerk van binne te suiwer en te reformeer. Elke kerkraad besluit egter self in watter mate hulle hul kerkverband met Hoëveld Sinode asook die Algemene Sinode wil voortsit.

## 1.5 Ons funksionering

- Die Ring van Standerton verbind hulleself opnuut om onder leiding van die Heilige Gees, al hulle dienswerk te grond op die Woord van God.
- Ons glo reformasie begin in eie huis. Ons is oortuig dat hoe meer die reformasieproses binne ons ring ontwikkel, hoe meer sal dit ook oorvloei na ander gemeentes om orals in die NG Kerk nog meer Koinonia Ringe te vorm om reformasie van binne te bevorder.

## 1.6 Ons visie en verbintenis tot reformasie van binne

- Ons verbind ons om as gemeentes van die NG Kerk te reformeer deur die beginsel van *sola et tota Scriptura* te volg in al ons dienswerk wat onder andere insluit:

– eredienste, prediking en liturgie
- kategese en berading
- sending en evangelisasie
- beoordeling van morele en etiese kwessies
- kerklike opsig en tug
- sluiting en losmaking van kerkverbande (ekumenies ingesluit)
- Erediens (sakramente)

- Ons streef daarna om 'n reformerende invloed uit te dra na alle ander kerkverbande waarby ons betrokke mag wees.

Hierdie stigtingsverklaring is deur al die deelnemende Kerkrade van die Ring van Standerton aanvaar en is bekragtig tydens 'n Buitengewone Ringsitting op 20 Augustus 2023, te NG Bethal Moedergemeente.

Goedgekeur op 20 Augustus 2023
Plek NG Bethal-Moedergemeente

Geteken deur Ds. Evert Bergh

Hoedanigheid
Voorsitter van
Die Koinonia
Ring

Geteken deur Ds. Wihahn de Beer

Hoedanigheid
Skriba van die
Die Koinonia
Ring

Eindnotas

Artikel 7: Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat allesDie Bybel 1983 vertaling is gebruik